# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 16 OKTOBER 2024

## 2 PETRUS 3:1-18: PETRUS IS DIE ENIGSTE EEN WIE DIE KONNEKSIES MAAK

Petrus was die impulsiewe ou – hy spring oorboord sonder om twee keer te dink; praat dikwels heeltemal te vinnig; en maak beloftes wat hy nie kon nakom nie. Kry gou jou Bybel en soek die teksverwysings en konteks hiervoor:

1. ______________________________________________ (oorboord)
2. ______________________________________________ (groot mond)
3. ______________________________________________ (leë beloftes)

Na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster verander sy lewe radikaal. Sien Johannes 21:15 en Handelinge 2:14. Waar hy voorheen weggehardloop het, neem hy nou leiding. Dit is die verandering wat die Heilige Gees in mense se lewens bring. Naas Paulus en die ander skrywers van die evangelies, dra Petrus die meeste by tot die Nuwe Testament. Hy maak ook merkwaardige uitsprake wat ons dikwels gladnie lees nie, of eenvoudig nie die impak van verstaan nie. Hoe pas Petrus se beskrywing van die toekoms by dié van Johannes in Openbaring 21 en 22? Hier is 'n paar gedagtes.

1. Vers 1: Petrus skryf aan diegene in verstrooiing, soos ons in 1 Petrus 1:1 sien. Hierdie mense was verward en het gedink dat die wederkoms al plaasgevind het. Petrus leer hulle reg. Hy leer hulle nie stories nie; hy leer hulle **doktrine**, presies wat ons andere ook moet leer.

2. Vers 2: Petrus meld dat ons die "woorde" van die profete nie moet nalaat nie, ook nie dié van die apostels nie. Na die afsterwe van Petrus, Paulus, en Johannes is die amp van die profete en apostels verby en het ons vandag net drie ampte van die oorspronklike vyf – leraars, herders, en evangeliste. God se mondstuk is nou die Woord. Sien Hebreërs 1:1. Hou dit in gedagte as jy weer hoor van iemand wie reken hulle is 'n profeet en/of apostel.

3. Vers 3: Petrus het vroeg al geweet dat die kritici baie vinnig sou wees om die gedagte van die wederkoms af te maak as iets wat nie sou gebeur nie.

4. Vers 5: Hulle vergeet moedswillig (doelbewus) van die oorspronklike skepping wat uit en deur water ontstaan het, en ook daardeur tot niet gegaan het.

5. Vers 7: Die huidige aarde se eindbestemming is om met vuur te verbrand.

6. Vers 8: Hoekom het dit nog nie gebeur nie? Die Here wil nie sien dat enige iemand in sy sonde sterf nie, maar dat almal eers tot bekering kom. Dit is hoe groot God se genade vir die mens is.

7. Vers 9: Hoekom is daar 'n vertraging in sy koms? Daar is nog mense wie gered moet word; en daar is mense wie afvallig geword het en nog tot die geloof moet terugkeer. Die vertraging duur so lank as wat die genade dispensasie (die kerk periode en God se genade) duur.

8. Vers 10: Daar kom egter 'n dag wanneer hierdie aarde waarop ons woon, sal vergaan. Sien Matthéüs 5:18 vir Jesus se eie woorde hieroor.

9. Vers 11: Ons word gemaan om geestelik te groei en leef:

    a. In heilige wandel; en
    b. In godsvrug – Galasiërs 5:22-23. Hier is ‘n vinnige toets. Skryf gou die nege vrug van die Gees neer (Moenie jou Bybel gebruik nie, en volgorde is nie noodsaaklik nie.):

| | |
|---|---|
| 1. ______________________________ | 6. ______________________________ |
| 2. ______________________________ | 7. ______________________________ |
| 3. ______________________________ | 8. ______________________________ |
| 4. ______________________________ | 9. ______________________________ |
| 5. ______________________________ | |

10. Vers 12: Die "julle" verwys na die ongelowiges en diegene wie tans afgedwaal het.

11. Vers 13: Alhoewel die aarde en hemel sal vergaan, het ons as gelowiges ‘n verwagting vir ‘n nuwe aarde en nuwe hemele. Dit gaan ‘n nuwe aarde gaan wees waarin geregtigheid woon.

12. Vers 14: Petrus maan ons om geestelik te groei – ons moet vlekkeloos en onberispelik wees, en vrede uitleef. Ons moet geduldig wees (lankmoedig). Petrus beskou dit as baie belangrik.

13. Vers 15: Petrus erken dat baie van dit wat Paulus geskryf het, moeilik was om te verstaan. Hou ingedagte dat Petrus en Paulus hulle konflik gehad het. Sien Galasiërs 2:11-19. Tog respekteer hy Paulus vir sy besondere bediening. Kom ons kyk na die verskille:

    a. Petrus was ‘n dissipel wat ‘n apostel geword het en Jesus persoonlik geken het. Paulus het Hom ontmoet eers na sy opstanding. Hy was nooit ‘n dissipel nie.
    b. Petrus was ‘n visserman en ongeleerd. Hy was ook impulsief. Paulus was ‘n hoogs geleerde man wat verskeie tale gepraat het en ‘n goeie spreker was, en sy woorde goed gekies het.
    c. Petrus het die Jode bearbei; Paulus het na die heidene gegaan – Handelinge 13:46.
    d. Paulus skryf die grootste deel van die Nuwe Testament; Petrus skryf net twee briewe.

14. Vers 16: Diegene wie nie geskool is in die Woord nie, asook onvaste mense (valse gelowiges), verdraai die lering van Paulus, maar tot hulle eie nadeel. Dit gebeur in ons tyd meer as ooit.

15. Vers 17: Petrus maan ons om in die Woord te bly en nie te luister na valse leringe nie.

16. Vers 18: Ons moet meer van die Woord leer – ons moet toeneem in die genade (wat God aan ons gee) en kennis (wat ons self moeite mee moet doen om te leer) van Jesus Christus.

**VERDERE NASLAAN**

Gaan kyk na Dr John Barnett se lering oor hierdie gedeelte van 2 Petrus: https://www.youtube.com/watch?v=CwMIRjXQPS8.